

*DIE Suid-Afrikaanse navorsingskip R.S.A. het gisteroggend uit Kaapstad vertrek om die lyk van mnr. J. Smalberger van die eiland Gough terug te bring. Mnr. Smalberger, wat leier was van die span weerkundiges op die eiland, het op 'n bergspits verongeluk. Twee van die passasiers op die skip is dr. M. Greeff (links), wat die lykskouing sal hou, en mnr. Piet le Roux (regs), die nuwe spanleier. Die R.S.A. sal Tristan da Cunha aandoen om die administrateur, mnr. J. Day aan boord te neem. Mnr. Day sal die geregtelike ondersoek na mnr. Smalberger se dood lei.*